

Die uitdagings wat voorlê

Wêreldwye ekonomiese oorsig: Januarie 2011

Deur Kevin Lings en Laura Jones STANLIB ekonome

Ons skop die jaar af met dieselfde vraag as verlede jaar: sal die wêreldwye ekonomiese herstel volhoubaar wees?

Die onlangse ekonomiese en finansiële krisis het uitgeloop op die ergste ekonomiese afswaai en finansiële nood sedert die Groot Depressie. Gelukkig het die wêreld-ekonomie begin herstel, met die hulp van ietwat buitengewone en ongekenne beleidsreaksies. Maar is die herstel volhoubaar?

Niemand bestee die geld nie

Die kans is goed dat 2011 se sleutel-debatte toegespits sal wees op die doeltreffendheid van monetêre en fiskale beleidsrigtings.

Ekonomiese herstel, veral in die rykste lande, word vertraag en ondermyn deur voortdurende probleme met die gebrek aan kredietvloei en verbruikersbesteding. Die voortslepende gebrek aan vertroue tussen finansiële tussengangers, veral banke, het 'n demper geplaas op die verwagte positiewe uitwerking van lae rentekoerse en kwantitatiewe verligting deur sentrale banke.

Daar is wêreldwyd eenvoudig nie genoeg kredietvloei om 'n ekonomiese herstel in stand te hou nie. Die 'stres'-toetse wat verlede jaar in Europa uitgevoer is, was daarop gemik om die vertroue in finansiële instellings te herstel en om te help om die finansiële stelsel weer op die pad na normaliteit te plaas. Geld en krediet beweeg egter skaars, selfs met bykomende pogings wat deur sentrale bankiers aangewend word.

Die VSA se pyn duur voort

In die VSA is die herstel stadiger as wat verwag is. Huishoudelike skuld en 'n gebrek aan groei in die indiensnemingsmark inhibeer verbruikersaanvraag, wat 'n sleutelbestanddeel in die verwagte herstel moet wees. Die regering en die Federale Reserwe sal hoë werkloosheidsyfers en 'n uiters sukkelende huismark moet hanteer wat jare kan neem om te herstel. Hierdie twee veranderlikes sal probleme bly skep vir hul finansiële stelsel. Die proses van afskaling deur Amerikaanse huishoudings in 2011 weens die afwesigheid van 'n omvattende ekonomiese groeieiging sal nog meer druk op die regering en die Federale Reserwe plaas om 'n verdere rondte van ekonomiese stimulasie te inisieer.

Japan bly op 'n laagtepunt

In Japan is die ekonomiese en finansiële seine wat uitgestuur word, ook nie goed nie. Die land het 'n demografiese probleem wat beklemtoon word deur jare van ekonomiese onderprestasie, 'n swak finansiële sektor wat steeds steier onder die eiendomsmark-probleme van 'n vorige geslag en 'n uitvoersektor waarvan die uitmuntende vertoning nie kan opmaak vir die probleme in die ander sektore van die ekonomie nie. Die najaag van verskillende beleidsrigtings deur verskillende lande in 'n poging om spesifieke nasionale probleme die hoof te bied, is ongelukkig nie voordelig vir 'n wêreldwye hantering van die krisis nie.

Europa staar sy eie probleme in die gesig

Ten spyte van Duitsland se uitstekende groeirekord in 2010, wat deels aangevuur is deur sy treurige vertoning in 2009 en deels deur 'n groeiende aanvraag uit China, sal Europese lande 2011 steeds met 'n aantal probleme tegemoetgaan.

In die afwesigheid van groei sal dit moeilik wees om begrotingsagterstande uit te wis. Ekonomiese groei sal waarskynlik ook nog verder onder druk geplaas word deur belastingverhogings en lae verbruikersbesteding. Beleidsmakers in die meeste van die EU-lande sal 'n fyn balanseertoertjie moet uitvoer tussen die vasstelling van 'n basis vir volhoubare groei oor die medium tot lang termyn aan die een kant, en die hantering van die moeilike ekonomiese en werkverskaffingsvooruitsigte asook die toename in strukturele werkloosheid oor die kort termyn aan die ander kant.

Lede van die eurosone het nog die bykomende uitdaging dat hul maatskappye in groter mate as in die VSA op bankkrediet staatmaak (pleks van kapitaalmarkte). Die stadige en langsame normalisering van kredietvloei bly dus 'n remskoen vir die hersteltempo in die werklike ekonomie en indiensneming. Die gesamentlike BBP-groei van die eurosone sal na verwagting in 2011 nie veel hoër as 1% wees nie, wat omtrent dieselfde is as in 2010. Te midde van sulke vooruitsigte sal werkloosheid nie afneem nie.

Opkomende markte beur vooruit

Vir die meerderheid ekonomieë gaan 2011 'n moeilike jaar wees – veral vir die VSA, Japan en die Europese Unie, vanweë die stygende risiko-afwering deur beleggers. Terwyl die rykste ekonomieë sukkel met stadige groei, voortdurende hoë werkloosheid en finansiële onstabieleit, beur die ontwikkelende ekonomieë met mening vooruit. Hulle vergroot steeds hul aandeel in wêreldwye produksie, verbruik en spaarpogings. Groeikoerse in Asië, Latyns-Amerika, die Midde-Ooste en Afrika lyk of dit maklik dié van Europa die VSA en Japan in 2011 kan verbysteek.

Sterk groei word vir Latyns-Amerika voorspel

Latyns-Amerika sal na verwagting in 2011 met meer as 4% groei. Brasilië het sy posisie as een van die mees relevante deelnemers op die wêreldwye finansiële en ekonomiese toneel verstewig. Die land se uitstekende ekonomiese beleidsrigtings in afgelope jare het sy ekonomie verlede jaar gehelp om met net meer as 7% te groei en na verwagting sal dit in 2011 met 'n verdere 4% groei. Brasilië se uitvoerreeks sluit grondstowwe en halfverwerkte goedere in, sowel as tegnologiese items soos streek-stralers, motoronderdele en suikerriet-etanol.

Opkomende ekonomieë verkoop aan hul eie markte

Ontwikkelende ekonomieë brei hul uitvoere na ander opkomende ekonomieë uit: 'n teken dat hul ekonomiese voorspoed selfonderhoudend sou kon word. Terselfdertyd is huishoudelike verbruik ook aan die toeneem namate regerings en huishoudings meer bestee op goedere en dienste. Byvoorbeeld, in die opkomende ekonomieë het kleinhandelverkope sedert die begin van 2007 met byna 60% gegroei, vergeleke met feitlik geen groei in die gevestigde ekonomieë nie. Die groot opkomende middelklas van verbruikers en spaarders in lande soos China, Indië en Brasilië sal hulself wêreldwyd laat geld. Dit is vanselfsprekend dat maatskappye wêreldwyd hul produkontwerpe, produkplasinge, asook hul bemarkings- en verspreidingsstrategieë sal moet aanpas om by hierdie belangrike nuwe ontwikkelinge aan te pas.

Strenger finansiële beheer

In talle ontwikkelde lande sal nuwe bankregulasies gedurende 2011 geïmplementeer word, met die gevolg dat daar meer klem op strenger risikobestuurstelsels sal wees, asook strenger monitering van korporatiewe leners en 'n geringe geneidheid om die groeiprojekte van nie-finansiële instellings te finansier.

'n Nuwe orde word benodig

Soos die Internasionale Monetêre Fonds self erken, het die huidige krisis die nodigheid laat ontstaan om te herbesin oor bestaande beleidswerktuie waarmee sistemiese ekonomiese en finansiële onstabieleit gehanteer moet word. Wêreldwye beheerstelsels sal op die agenda wees van die G20 en ander internasionale forums se vergaderings in 2011.

Miskien die heel dringendste behoefte is om 'n stel prosedures te ontwerp wat lande moet volg ingeval van 'n nuwe ekonomiese en finansiële insinking: een wat die risiko van 'aansteeklikheid' sal beperk en geaffekteerde ekonomieë sal help om hul probleme op te los. Die jongste ondervinding het geleer dat die G20 miskien 'n meer doeltreffende forum is vir die ontwikkeling van 'n samewerkingsbenadering tot beleidsontwerpe, asook vir wêreldwye ekonomiese en finansiële beheer.

In 2011 sal daar oproepe wees vir die vermindering van wêreldwye ekonomiese en finansiële wanbalanse solank as wat ekonomiese groei, handelsbalanse, finansiële reserwes en ekonomiese welstand so onegalig verspreid bly as wat hulle op die oomblik is.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inklusief, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.